Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
4 Maart 2010

SA lewensversekeringsbedryf steeds gesond

Suid-Afrikaners het verlede jaar lewensversekeringsprodukte ter waarde van R62 miljard met nuwe premies gekoop. Dit is net 5 persent minder as die R65,5 miljard wat in 2008 aan nuwe herhalende en enkelpremies bestee is.

Die onsekerheid weens die globale finansiële krisis en die gevolglike ekonomiese terugslae het in die tweede helfte van 2008 en die eerste helfte van 2009 gelei tot 'n verlangsaming in verbruikers se aankoop van lewensversekeringsprodukte, veral wat enkelpremies betref, sê mnr. Peter Dempsey, adjunk-uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA), in sy verslag oor die Suid-Afrikaanse langtermynversekeringsbedryf se verkoopstatistieke in 2009.

Lewensversekeraars het egter in die tweede helfte van verlede jaar 'n skielike toename van 18 persent in nuwe herhalende en enkelpremiebesigheid ervaar. Nuwe premies vir dié sesmaandetydperk het R33,6 miljard bedra. Dit beteken dat meer as die helfte van die lewensversekeringsbedryf se nuwe premies verlede jaar in die laaste ses maande ontvang is as gevolg van die geleidelike verstewiging van verbruikersvertroue.

Volgens Dempsey was die aanvanklike verlangsaming in enkelpremiebesigheid verlede jaar nie 'n verrassing nie as gevolg van die ekonomiese probleme wat die meeste Suid-Afrikaners ervaar het.

"Ons glo dat baie Suid-Afrikaners waarskynlik verkies om hul aftrede uit te stel en dus nie oor enkelbedragaftreebesparings beskik om in lewens- en verpligte annuïteite te belê nie. Daarby oorweeg minder verbruikers dit om hul spaarkontant in uittreeannuïteite en ander lewensgekoppelde beleggings te belê."

Dempsey wys daarop dat die huiwerigheid om enkelpremies te belê egter in die tweede helfte van verlede jaar begin verander het toe die besigheid ten opsigte van nuwe individuele enkelpremies met 20 persent toegeneem het. Nuwe herhalende premies het ook in die tweede helfte van verlede jaar met 11 persent van R6,1 miljard tot R6,7 miljard toegeneem. Dit het die totale halfjaarlikse toename van nuwe herhalende en enkelpremiebesigheid op 18 persent te staan gebring.

Bykomend tot die aankoop van nuwe lewens- en ongeskiktheidsversekering en spaarpolisse verlede jaar het polishouers ook hul herhalende premies vir bestaande besigheid gehandhaaf en verhoog. Die totale herhalende premies het verlede jaar met 9 persent van R61,3 miljard in 2008 tot R66,8 miljard toegeneem.

Hoe vaar die bedryf?

Hoewel die lewensversekeringsbedryf hom gestaal het vir die gevolge van die ekonomiese swaarkry wat verlede jaar deur Suid-Afrikaners ervaar is, was die impak daarvan nie so ernstig as wat aanvanklik verwag is nie, sê Dempsey.

"Die totale inkomste vir die bedryf uit bestaande individuele premies, groepversekeringspremies, beleggingsinkomste en fooie het met net 1 persent van R251,9 miljard in 2008 tot R248,8 miljard in 2009 afgeneem," sê hy.

Volgens Dempsey het die bedryf se totale bates met 4 persent van R1,08 triljoen aan die einde van Desember 2008 tot R1,13 triljoen aan die einde van 2009 toegeneem. Dit beteken dat die bedryf nou na aan die batevlak van R1,15 triljoen is waarop die waarde voor die begin van die ekonomiese krisis aan die einde van 2007 gestaan het.

“Die langtermynversekeringsbedryf se bates oorskry die verpligtinge steeds baie stewig. Die bates is meer as drie maal meer as die vereiste wetlike reserwebuffer. Dit is goeie nuus vir polishouers omdat dit daarop neerkom dat lewensversekeringsmaatskappye in ‘n baie sterk posisie is om voordeelbetalings aan kliënte gestand te doen.”

Voordeelbetalings

Die lewensversekeringsbedryf het verlede jaar voordele van meer as R175,6 miljard aan polishouers, begunstigdes en pensioenfondslede betaal as gevolg van doods- en ongeskiktheidseise, uitkeeruitbetalings en pensioen, annuïteite en ander betalings.

Volgens Dempsey is dit ‘n effense afname van 3 persent in vergelyking met 2008, vernaamlik as gevolg van die afname in die waarde van individuele polisafkoopwaardes en laer uittreefondsonttrekkings.

Hy voeg by dat doods- en ongeskiktheidsvoordeelbetalings ten opsigte van individuele polisse egter aansienlik met onderskeidelik 16 en 17 persent toegeneem het.

Afkopings en vervallings

‘n Polis word afgekoop wanneer die polishouer die betaling van premies staak en die verminderde fondswaarde voor die uitkeerdatum onttrek.

Volgens Dempsey het die waarde van afgekoopte beleggingspolisse verlede jaar met 14 persent van R38,3 miljoen in 2008 tot R33 miljoen in 2009 afgeneem.

“Ons vermoed dat die waardeverhogings van beleggingspolisse wat na Desember 2006 afgekoop is dalk meer mense in die versoeking gebring het om hul polisse in 2007 en 2008 af te koop. Dit lyk of dié neiging aan die afneem is.”

Die waarde van afgekoopte individuele polisse het in 2007 R32 miljard bedra terwyl dit in 2006 R28 miljard beloop het.

Volgens Dempsey is die vervalling van polisse altyd ‘n groot kommer, hoewel verlede jaar se toename van 14 persent in die vervalkoers nie as te skerp geag word nie. ‘n Vervalling vind plaas wanneer die polishouer die betaling van premies staak voordat die fondswaarde die onverhaalde koste oorskry. Dit beteken dat die opbetaalde of afkoopwaarde zero is. In die geval van suiwer risikopolisse lei ‘n vervalling tot geen onmiddellike finansiële verlies vir die polishouer nie aangesien daar nie ‘n poliswaarde was nie. Die polishouer verloor egter waardevolle lewens- of ongeskiktheidsdekking wat dalk nie weer teen dieselfde premie beskikbaar sal wees nie.

In 2009 is ‘n totaal van 5,2 miljoen polisse laat verval. Altesame 3 miljoen hiervan was eerstejaarpolisse terwyl 2,2 miljoen polisse in hul tweede jaar was. Die vervalle eerstejaarpolisse se waarde was R2,9 miljard en die vervalle tweedejaarpolisse se waarde het R3,3 miljard beloop.

Volgens Dempsey moet die vervalkoers vergelyk word met besigheid ten opsigte van nuwe herhalende premies wat oor dieselfde tydperk aangegaan is. Terwyl nuwe herhalende premies vir 2009 R12,8 miljard bedra het, is net R2,9 miljard ten opsigte van eerstejaarpremies laat verval. Dempsey sê dat nuwe

besigheid en vervallings nooit presies in verband met mekaar staan vir ‘n betrokke tydperk nie. Dit beteken dat die werklike nuwe besigheid wat verlede jaar verval het waarskynlik selfs laer kan wees.

Zimele

Altesame 1,9 miljoen Zimele-goedgekeurde polisse was teen die einde van Desember 2009 van krag (1,7 miljoen teen die einde van Desember 2008) asook 1,3 miljoen Zimele-goedgekeurde kredietlewenspolisse.

Zimele-goedgekeurde begrafnisdekking is in 2007 van stapel gestuur en in 2008 het sommige lewensversekeringsmaatskappye ook kredietlewensversekering, lewensdekking en dekking vir liggaamlike gebreke onder die Zimele-handelsmerk die lig laat sien. Die doel met die Zimele-handelsmerk is om Suid-Afrikaners met die laagste inkomste – diegene wat R3 000 of minder per maand verdien – te help om maklik daardie lewensversekeringsprodukte te identifiseer wat aan die minimum beskermingsvereistes van die finansiële sektor se handves (FSC) voldoen.

Volgens Dempsey is die meeste Zimele-polisse in Gauteng verkoop, gevolg deur KwaZulu-Natal en dan die Oos-Kaap. In al die provinsies besit meer vroue as mans Zimele-polisse.

Einde

Nota aan Redakteurs: Die 2009-verkoopstatistieke vir die langtermynversekeringsbedryf is gegrond op inligting wat ontvang is van lewensversekeringsmaatskappye wat voorheen lede van die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA) was en tans lede van ASISA is. Die inligting van lewensversekeringsgelisensieerde beleggingsinstellings wat nie voorheen lede van die LOA was nie, is nog nie by die statistieke ingesluit nie.

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).